Die diens van die Diakens: 'n eksegetiese en prakties-toepassende verkenning

In hierdie studiestuk word 'n poging aangewend om die diens van die diakens weer eens vanuit die Skrif te benader en terselfdertyd 'n waardige plek daarvoor te soek in die huidige kerklike lewe.

'n Mens stuit onmiddellik al by die karigheid van Skrifgegewens oor die diaken-diens, terwyl die gegewens wat wel beskikbaar is sodanig verspreid, in verskillende plaaslike situasies toepaslik, voorkom, dat verbande nie gemaklik gelê kan word nie. Onderskeidende behandeling van die beskikbare teksmateriaal is gevolglik 'n vereiste.

Mede as gevolg van die weinig direkte gegewens in die N.T. sal veral ook gelet moet word op die unieke bestaan van die gemeente en die eiesoortige behoeftes aan diensvervulling wat dit na vore roep. As die „ekklesia" in die oog gekry word kom die blywende behoefte t.o.v. die welsyn van die gemeente duideliker na vore.

Terwyl direkte antwoorde vir ons huidige kerklike praktyk nie gemaklik verkry word uit die N.T. nie, behoort die weg van profetiese skouing vanuit die N.T.-openbaring oor die kerk sorgvu'dig gevolg te word.

Ons sal die gevare van 'n fundamentalistiese skrifgebruik moet vermy en rekening moet hou met die ontwikkeling van die kerk deur die eeue.

(a) *Die gebruik van „diakonos" in amptelike sin.*

Onder „amp" word verstaan die blywende diens, regering en bestuur in die kerk van die Here, geskep deur die Gees, vir die besondere behoeftes in die gemeente om as gemeente te bestaan.

Benewens Rom. 16:1 (die vermelding van Febe as „dienares" Afr. vert.), wat hier buite beskouing gelaat word, word „diakonos" blykbaar in die amptelik, institusionele sin gebruik in Fil. 1:1 en 1 Tim. 3:8, 12. H. W. Beyer noem dit „the fixed designation for the bearer of a specific office".[1] Dit is opmerklik dat die Vulgaat die leenwoord „diaconus" op die betrokke plekke gebruik in plaas van die gebruiklike „minister".[2] Dit dui op die onderskeiding van 'n diakenamp.

Paulus adresseer sy brief aan die Filippense aan „al die heiliges . . . saam met die opsieners en diakonoi". Beyer gee as sy mening: „It is highly improbable that the reference is to two different aspects of the work of the same men", en „nor can there be any doubt that the dscription of office has here become a definite designation".[3] Ook Herman Ridderbos is daarvan oortuig dat „diakonos" in die onderhawige tekse in die tegniese sin van „draers van 'n bepaalde amp" vers'aan sal moet word.[4] Die wyse waarop „diakonos" sowel in die eerste brief aan Timotheüs as in die aan die Filippense naas „episkopos" gebruik word, die vereistes wat daaraan in eersgenoemde brief

gestel word, en die latere en meer gevorderde ontwikkeling teen die einde van die apostoliese tydperk, soos gereflekteer in die pastorale briewe, laat nie twyfel oor die vraag of ons in genoemde tekse met 'n vaste instelling in die plaaslike kerke te doen het nie. Daar was dienste in die plaaslike kerke wat „diakonoi" genoem is. Gegewens uit die kerkgeskiedenis van die na-apostoliese tyd bevestig ons konklusie.

(b) *Die Selfstandigheid van die „Diakonos".*

„Diakonos" word naas „episkopos" deur Paulus genoem in Fil. 1:1 en 1 Tim. 3:8, 12. Daaruit mag die onderskeiding van die „diakonos" sonder meer afgelei word. Beide dienste moes 'n prominente rol in die lewe van die kerke gespeel het om in die geval van Filippi as adres te dien, en in die geval van Efese (waar Timotheüs gewerk het) aan spesiale keuring onderworpe te wees. Ook die aansien van die „diakonos" in vergelyking met die „episkopos" mag afgelei word.

'n Ander vraag is of van die gelykwaardigheid van die twee dienste gepraat mag word. Dit is opmerklik dat die vereistes wat Paulus aangee vir die „episkopoi" en die „diakonoi" (1 Tim. 3) byna eensluidend is, alhoewel die apostel elkeen afsonderlik behandel. Van beide word byvoorbeeld vereis dat hulle hul „eie huis goed moet regeer" (verse 4, 12). Vir dié vereiste gebruik die apostel die woord „prohistamai" wat op verskeie plekke in die N.T. voorkom in die betekenis van „die leiding van die gemeente" (Rom. 12:8; 1 Tess. 5:12; 1 Tim. 5:17). Wat die voorgaan en leiding van die gemeente betref is daar nie verskil in stand en eer tussen die episkopoi en diakonoi nie. Elkeen het sy eie plek met die oog op die opbouing van die gemeente. „Episkopoi" word wel twee keer vóór „diakonoi" genoem, maar dit sal gewaagd wees om daarvan 'n beslissende afleiding te maak in die sin dat die „diakonoi" minderwaardig was.

Met die oog op die huidige kerklike praktyk is dit belangrik om die vraag oor die selfstandigheid van die diakendiens uit te maak. Daar bestaan 'n neiging tot die vorming van 'n breë vergadering in die plaaslike kerk, bestaande uit leraars, ouderlinge en diakens, wat dan die basis van kerkregering in die plaaslike kerk (en eventueel ook in die breë verband) word. Indien hierdie standpunt korrek sou wees behoort die „episkopos-diakonos" 'n kombinasie- of tweeling-amp te gewees het, waarin wel nog 'n sekere mate van onderskeiding te onderken is, maar die swaartepunt by die gemeenskaplike lê. Die gevaar waarvan weggeskram word is die van „skeiding van die ampte". Die gevaar sou dan net vermy kan word deur die twee dienste in hulle besturende funksie saam te laat optree. Die eenheid van die ampte het egter 'n veel dieper wortel as wat met gesamentlike vergadering uitgedruk sou kon word, nl. in die Heilige Gees wat die verskeidenheid van charismata in dieselfde liggaam gee (1 Kor. 12:4 e.v.). In die opbouing van die een liggaam van Christus, volgens die gawe wat aan elkeen afsonderlik as lid toebedeel is, vind al die charismata en diakoniai hulle eenheid. Die vele vind hulle eenheid

in die één Skepper van die gawes en in die doel waartoe elkeen werksaam is (vgl. ook Rom. 12:3 e.v.). Terselfdertyd roep die verskeidenheid nie alleen onderskeiding in die praktyk maar ook selfstandigheid op, 'n eiesoortige bediening wat teruggaan op 'n spesifieke skepping van die Gees. Hierdie beginsel sal in gedagte gehou moet word by die teenswoordige neiging tot spesialisasie in die kerklke lewe.

Ten opsigte van die selfstandigheid van die „diakonos" gee 1 Tim. 3 geen helder antwoord nie. Die kwalifikasies wat Paulus daar noem het meer betrekking op sedelike hoedanighede as op bepaalde gawes vir die diensbeoefening. Beyer wil gewigtige afleidinge maak van „aisgrokerdes" (vuilgewinsugtig) en „dilogos" (dubbeltongig) in vers 8, nl. dat die „diakonoi" toegang tot baie huise sou gehad het, en aan hulle administrasie van fondse toevertrou sou gewees het.[5] Van die „episkopoi" word egter ook vereis om „afilarguros" (nie geldgierig) te wees nie (v. 3). Van meer betekenis is die verwysing na die taak van die „episkopoi" as „sorg dra" vir die gemeente van God (epimelesetai — v. 5). Ridderbos verklaar „epimelesetai" met „die herderlike sorg" van die gemeente.[6] In onderskeiding van die opsieners word die woord „diakonein" twee keer in die hoofstuk in verband gebring met die taak wat aan die „diakonoi" behoort (v.v. 10, 13). As „diakonein" in hierdie verband terugneig na sy oorspronklike betekenis van „tafelbediende", en nie 'n term is om elke vorm van „diens" in die gemeente te beskryf nie (soos op verskeie plekke), dan mag hier 'n versigtige afleiding gemaak word. Die onderskeiding, selfstandigheid en wesenseie van die diakonos sal egter nie net op hierdie tekse gebou kan word nie.

Die selfstandigheid van die „diakonos" word in gedrang gebring deur die bewering van Beyer dat die „diakonos" nie net dienaar van die kerk is nie, maar ook van die biskop.[7] Hy kan, vanweë sy uitgangspunt kwalik tot 'n ander gevolgtrekking kom: „ . . . . we must start with its relationship to the episcopate".[8] Die enigste sinvolle argument wat Beyer vir die uitgangspunt kan aanvoer is die latere historiese ontwikkeling, waar, onder die monargiese episkopaat, die „diakonos" dienaar van die biskop geword het. Beyer se premisse steun nie op die Skrif nie. Die N.T. begrippe „diakonia" en „diakonos" is juis nie mensediens nie, maar diens tot opboung van Christus se liggaam.[9]

Hand. 6 leer sowel die onderskeiding as die selfstandigheid van die dienste. Hoe Hand 6:1-7 ookal verstaan word, hetsy as die oorsprong van die diaken-amp, hetsy as die proto-tipe van die latere ampte,[10] oor die duidelike onderskeiding van die dienste kan daar geen misverstand wees nie: die bediening van die woord en die gebede enersyds en die bediening van die tafels andersyds. Oor (epi) laasgenoemde is die „sewe" aangestel (v. 3). Die gebruik van „epi" en „proskarterein" (volhard v. 4) wettig die afleiding dat die apostoldiens (woorddiens) en die van die „sewe" selfstandig beoefen is in die een gemeente.

Uit voorafgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat die dienste in die kerk onderskei moet word en aan elkeen (ook die „diakonos") 'n selfstandige plek in die kerk toegeken behoort te word, 'n taak wat teruggaan op die gawe van die Heilige Gees in die liggaam van Christus.

(c) *Ondersoek na die Diens van die Diakens.*

(i) *Die Diens in die Gemeente:*

„Het eerste en meest principiële dat van het diakenambt gezegd kan worden is dit, dat het is ingesteld en dat het ook nodig is en nodig blijft, om de gemeente aan haar bestaan te doen beantwoorden".[11] Hierdie uitspraak van dr. H. Ridderbos kan goedskiks as werkhipotese aanvaar word. Die diakenamp is geen maatskaplike instelling wie se diens vanuit die behoeftes van die maatskappy bepaal word nie. Die diens funksioneer alleen binne die kader van die eiesoortige bestaanswyse en -sin van die gemeente as gemeenskap wat God self in aansyn roep. Die diakenamp is een van die meer gawes wat Christus in die gemeente gegee het om die gemeente as liggaam van Christus te laat lewe en wel as dienende gemeenskap. Daarom moet ons 'n breëre verkenningsveld bestryk om die spesifieke diens van die diakens na te speur, en nie bloot bly staan by die versorging van sekere indiwidue nie. Die „objek" van die diaken is die gemeente en sy opbouing.

(ii) *Die gemeente as Gemeenskap:*

In verband met die lewe van die gemeente bring die veelgebruikte woord, gemeenskap (koinonia), homself na vore. Friedrich Hauck verklaar „koinonos" soos volg: „It implies fellowship or sharing with someone or in something".[12] Die diepste wortel van die gemeenskap is die deelname aan die Heilige Gees.[13] Die deelname, die aandeel in die Gees hou ook wedersydse belang in van almal wat deel het aan die Gees. H. Berkhof[14] haal L. S. Thornton ("The Common Life in the Body of Christ", pp. 74, 76) aan: „ . . . een verhouding tussen individuen, die een gemeenschappelijk en wedersyds belang inhoudt en de deelname aan een gemeenschappelijke zaak". Berkhof self vat die betekenis van „koinonia" so saam: „We zien dus hoe het woord koinonia twee werkelijkheden in zich sluit: de deelname aan de Geest en de Gemeenschap met elkaar".[15]

In Hand. 2-4 tree die eerste N.T. gemeente aan die lig en wel in bogenoemde sin. Al sou die gebeure in die gemeente van Jerusalem net na Pinkster verklaar kon word as esgatologiese gebeurtenisse, 'n tekenagtige vooruitgrype op en voorlopige realisering van die voleinding, sluit dit nog die beginsel van die lewe van die kerk op aarde in. Hoofstukke 2-4 is gevul met die werklikheid van die koms van die Heilige Gees en die deelname van die gemeente aan die Gees, soos Joël geprofeteer het. Kenmerkend vir die beskrywing van die lewe van die eerste gemeente is die gebruik van „koinonia". In Hand. 2:42 verklaar die skrywer: „en hulle het volhard in die leer van die

apostels en die gemeenskap, en in die breking van die brood en in die gebede". „Koinonia" word in hierdie vers nie nader bepaal nie. Dit moet dus verwys na 'n vir die eerste lesers bekende handeling, 'n bepaalde aktiwiteit wat van die ander te onderskei is. „Koinonia" omvat nie alleen die gesindheid van „een van hart en siel" (4:32) nie, maar gee veral uitdrukking aan die gemeenskaplike (koina!) besit en „bymekaar wees" en „die breking van die brood".[15b] (Dit is nie nodig om hare te kloof oor die betekenis van die term „breking van die brood" nie, of dit slaan op die viering van die Nagmaal en of dit na die liefdesmaaltye verwys nie. Die twee was verweef met mekaar soos blyk uit 1 Kor. 11:17-34, alhoewel hulle nie met mekaar vereenselwig hoef te word nie. Beide verwys na die werklikheid van die deelname aan die Gees van Christus, en elkeen is op sy eie wyse maaltyd van gemeenskap.)

Terwyl die hele verband van Hand. 2-6 rondom die „koinonia" saamgestel is, is dit eensydig om by die instelling van die diens van „die sewe" (Hand. 6) bloot aan die versorging van indiwiduele behoeftiges te dink. Die Gees het 'n nuwe gemeenskap geskep waarin almal wat deel in Christus gehad het, mekaar deel laat kry het in hulle persoonlike besittinge. Hebsug (Hand. 5 – Ananias en Saffira!) en onenigheid (Hand. 6:1 – Helleniste en Hebreërs) is valse note in die daadwerklike uitlewing van die koinonia. Terselfdertyd is „daaglikse versorging", „bediening van die tafels" uitdrukkinge wat verwys na die praktiese toepassing van die „koinonia". Toe die getal dissipels so sterk vermeerder het dat die apostels nie meer alleen kon sorg vir die samestelling van die gemeente in die vorme van sy gemeenskapslewe nie, en daar boonop 'n murmurering ontstaan omdat sekere mense oor die hoof gesien is, het die instelling van 'n diens homself aanbeveel. Die gevolg was die kiesing van „die sewe" (Hand. 6:1-6). *Hulle moes sorg dra vir die gemeente as 'n saamlewende en saamkomende gemeenskap.*

Die onderliggende rede vir die „murmurering" was waarskynlik meer as blote hebsug soos in die geval van Ananias en Saffira. Beyer oordeel dat die oorweging van die Hebreërs ten opsigte van die Hellenistiese Jode was: "(Whether they) should be admitted to the fellowship and therefore whether they really belonged to the community".[16] Bruce verklaar die moontlikheid van sodanige oorweging: "In the Jewish world as a whole there was some tension between Hebrews and Hellenists (Grecian Jews – Bruce), and this tension survived between members of the two groups who had acknowledged Jesus as the Messiah and been incorporated in the messianic community".[17] Die spanning gaan nog weer verder terug as die tussen Aramees- en Griekssprekende Jode. Die gebrekkige insig by die Jode in die feit dat die heidene (volke) ook deel gekry het in die genade van God, het Paulus steeds besig gehou. Onder andere speel dit ook 'n rol in die „kollekteteks" Rom. 15:25-33.

Rom. 15 sal ons leer dat Paulus, terwyl hy besig is om 'n insameling te doen vir die kerk van Judea, wesenlik besig is om die gemeen-

skap saam te voeg. Die krag van sy argument is nie geleë in blote aalmoese wat gegee behoort te word nie.

Paulus twyfel of die „diakonia" (diensbetoning) (Rom. 15:31) in die vorm van stoflike bydrae (koinonia), wat hy ten behoewe van die „heiliges" in Jerusalem uitoefen, vir die ongehoorsame mense in Judea aanneemlik sal wees! Hy redeneer verder (tot opwekking van die Romeine): die heidene het deel gekry (ekoinonesan) aan die geestelike voorregte (penumatikois) van die Jode (daarin is hulle nou vennote), terwyl eersgenoemdes op hulle beurt, as vrywillige skuldenaars, hulle gemeenskap in die vorm van materiële hulp moet betuig. Die opmerklike is dat Paulus hierdie hulp telkens as „koinonia" aandui (vgl. benewens Rom 15:26, ook 2 Kor. 8:4; 9:13). Op grond van die geestelike deelgenootskap, wat roep om praktiese dade, verkry „koinonia" gaandeweg die betekenis van praktiese hulpbetoon.[18]

Die „koinonia" van die pinkstergemeente is wesenlik dieselfde as die „koinonia" waarmee Paulus opereer in die „kollektetekse".

Terselfdertyd kan ons 'n verwantskap sien tussen die diens van die „sewe" en die van Paulus (en die „afgesante" van die gemeentes — 2 Kor. 8:23) in die kollektesaak. *Wat die „sewe" in plaaslike verband gedoen het, doen die apostel en die afgesante in breër verband.*

Hierdie diens is nie bloot een van „aalmoese" soos die Jode dit geken het nie. In Rom. 15:26 mag die noem van „armes" wel die indruk skep. Die spesifieke spraakgebruik van Paulus in die onderhawige verband, stempel egter nie soseer die heiliges as armes nie, maar die diens as 'n diens aan die „heiliges" van God, d.w.s. as onderlinge, christelike hulpbetoon, in onderskeiding van die diens van aalmoese en algemene mensliewendheid.[19]

„Koinonein" word op ander plekke gebruik vir die voorsiening in die stoflike behoeftes (greia) van die heiliges (Rom. 12:13; Hebr. 13:16; 1 Tim. 6:18). In genoemde gevalle is egter nie sprake van amptelike bediening nie, maar van die onderlinge hulpbetoon waartoe elke lidmaat bereid moet wees. Nietemin ondersteun dit ons bewering dat stoflike hulpbetoon sy beginsel put uit die nuwe gemeenskap in die Gees.

In twee gevalle word „koinonein" selfs gebruik in verband met die stoflike versorging van die leraars. In Fil. 4:15 prys Paulus die gemeente dat hulle *deel gehad* het in sy rekening van inkomste en uitgawe, terwyl die Galasiërs aangemoedig word om mee te deel (koinoneito) van alle goeie dinge aan die wat onderwys gee in die woord (Gal. 6:6).[20] Ook die versorging van die wat hulle lewe vir die diens van die Evangelie gee, word nie losgemaak van die gemeenskap nie.

Konklusie: „Koinonia" open vir ons perspektief op die lewe van die gemeente wat deel het aan die Gees van Christus. Hierdie deelname aan die Gees roep om dade van gemeenskapsoefening, nie alleen tussen gelowiges plaaslik nie, maar ook in wyer verband. Die gemeen-

skap is 'n wesenstrek van die gemeente en die gemeente moet amptelik gelei word om in die beoefening van gemeenskap aan sy eie bestaan in Christus te beantwoord. Alhoewel die gemeenskap in die eerste plek 'n geestelike werklikheid is, tendeer dit na die praktiese, na dade wat gevul is met die werklikheid van die nuwe wat God geskep het. Sowel in Hand. 6 as in die „kollektetekse" word mense afgesonder om in hierdie saak die gemeente te dien, die „sewe" en Paulus (saam met die afgesante van die gemeentes).

(iii) *Diakonia:*

„Diakonein has the special quality of indicating very personally the service rendered to another", „a service of love".[21] Gevolglik het diakonia terminus technicus geword van enige vorm van diens aan en in die gemeente. „Diakonia" gee dus kwaliteit aan. Die Gees skenk die gawe (charisma) in die gemeente, terwyl die „diakonia" die algemene kensketsing is van die wyse waarop dit in die gemeente funksioneer.[22] „Charisma is alles wat de Geest gebruiken will . . . zowel wat de lering en vermaning alsook tot het onderlinge dienstbetoon of de doeltreffende besturing en regering van de gemeente kan dienen", skryf dr. Ridderbos.[23] Paulus gee dikwels die charismata in kwalitatiewe sin weer (Ef. 4, Rom. 12, 1 Kor. 12), omdat daar geen wesenlike verskil tussen charisma en diens is nie. Sekere charismata tendeer egter na die kontinuele en word daarom ook in persoonlike sin genoem.[24]

Dit sal nou ons taak wees om vas te stel watter nodige gawe tot opbouing van die liggaam van Christus, eie aan die „diakonos" in amptelike sin is.

(iv) *Diakonos:*

Ons het reeds Fil. 1:1 en 1 Tim. 3 bespreek. Die tekse dra weinig by tot die vulling van die „diakonos" in amptelike sin. Die uitspraak van Beyer in hierdie verband klink nie bemoedigend nie: "The task of the diakonoi can in fact be deduced only from the actual name of their office and from the later function".[25] Hand. 6 neems iets van Beyer se pessimisme weg veral vanweë die etimologiese betekenis van „diakonos": "Again, the persistent sense of 'waiting at table' is reflected in the fact that the christian office had its origin in the common meal at the heart of the life of the community, namely, the Lord's Supper. Only in this way we can understand the later history of the deaconate, which has always consisted in assistance at divine service as well as in the external service of the community".[26] Daargelate of Beyer reg oordeel oor die oorsprong van die christelike diens, hy lê tog n band tussen „diakonein trapedzais" (bediening van die tafels — Hand. 6:2) en die latere diaken wat hom onder andere met die administratiewe sy van die gemeenskap besig gehou het. Ook Ridderbos moet (blykbaar) Hand. 6 as instelling van die diakenamp aanvaar, terwyl hy die amp verder in verband bring met die kwaliteite wat Paulus in Rom. 12:6-8 en 1 Kor. 12:28 noem, nl. „bediening", „meedeel" (uitdeel), „die oefening van barmhartigheid" en „die be-

kwaamheid om te help".[27] Elders defineer hy die diakenamp as „de gave van weten waar iets nodig is, en wat er nodig is en weten hoe je dat daar nu moet brengen".[28] Vanweë die vaagheid van laasgenoemde omskrywing bevredig dit nie heeltemal nie.

Op soek na 'n vulling vir die diakendiens verdien die „antilepseis" (1 Kor. 12:28 — „helpers" — Afr. vertaling) oorweging. Beyer beskou hulle as „acts of care and assistance on behalf of the community".[29] In 1 Kor. 12 kom „antilepseis" en „kuberneseis" naas mekaar voor. Daarvan wil Beyer aflei dat die diakens en opsieners respektiewelik beoefenaars van die dienste is.[30] Dit is egter 'n te simplistiese voorstelling. „Kuberneseis" hoef nie net aan die opsieners verbind te word nie. Trouens, in 1 Tim. 3 word die vereistes „om die eie huis goed te regeer" by beide die opsieners en diakens gesoek. Kuberneseis kan verskillende vorme van leiding, bestuur of regering aandui. Beyer gee dit toe in 'n voetnoot waar hy Joh. W(eiss?) aanhaal: "The plural, like dunameis, refers to specific expressions of kuberneseis, of government and rule". Die diens wat die onderlinge hulpbetoon lei kan weldeeglik n eiesoortige en selfstandige vorm van bestuur en regering uitoefen wat te onderskei is van die van die opsieners.

Laat ons nog weer Hand. 6 in oënskou neem. Ons het reeds gemerk dat die ondersoekers telkens daarheen terugneig wanneer die res van die N.T. nie duidelike inhoud aan die diakenamp kan gee nie. (Ook die geskiedenis van die latere christendom hou hardnekkig aan Hand. 6 vas.) Beyer haal H. J. Holtzmann aan wat die „sewe" beskryf as: "organisers, dispensers and overseers of meals".[31] Holtzmann ken dus 'n omvattende taak aan die „sewe" toe, veral met betrekking tot die maaltyd. Die maaltyd kan beskou word as die basis van die (toe nog) eenvoudige kerklike organisasie en leefwyse van die gemeente. Belangrik is egter dat die „sewe" die materiële sy van die gemeentelike bestaan gereël het, op so 'n wyse dat dit as 'n nuwe lewenswyse in die Gees kon geld. Al sou die „sewe" ook die taak van toesig, vermaning en tug beoefen het, neem dit nie weg dat hulle in Hand. 6 in besonder met materiële middel gewerk het nie. Ons kan dus met gerustheid konstateer dat die „sewe" leiding gegee het in die bestaan van die gemeente in sy stoflike aspekte. Hierdie gevolgtrekking, deurgetrek na die huidige kerkklike lewe, behoort bepalend te wees vir die taakvervulling van die diakens in plaaslike en meerdere verband.

Dit is ook nodig om die diens van die diaken te benader vanuit die diens wat in die Skrif as die van die presbuteros-episkopos aangegee word. In 1 Tim. 3 word onder andere van die „episkopos" vereis dat hy „die bekwaamheid om te onderrig" moet besit (wat nie van die „diakonoi" vereis word nie). Op die gebruik van „epimelesetai" (herderlike sorg — v. 5) is reeds gewys in verband met die „episkopos". In sy brief aan Titus word die diens van die „presbuteroi" deur Paulus toegespits op tug en lering (vgl. 1:6, die gebrek aan bandeloosheid en tugteloosheid by sy kinders; en 1:9 — „een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat

hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan, sowel as om die teëstanders te weerlê"). Die diens van die ouderling-opsiener is duidelik: hy moet die gemeente leiding gee in leer en lewe, vermaning uitoefen en tugtigend optree. Hy is in besondere sin rentmeester van God („oikonomos") (Tit. 1:7), omdat hy arbei in die beslissende woord en met die woord.[32] Hierdie taak kan maklik onderskei word van een wat met stoflike middele die gemeente dien en prakties uitvoering gee aan die eiesoortige bestaan van die gemeente. Die Skrif self gaan ons voor in die reg van sodanige onderskeiding: 1 Petr. 4:10, 11 onderskei die charisma van *spreek* en die van *dien*. Beyer praat van „a ministry of word and a ministry of act".[33]

(d) *Die Diakendiens in die huidige kerklike Lewe.*

Daar kan met reg gepraat word van 'n mate van frustrasie by die Diakens in ons teenwoordige Gereformeerde kerklike lewe. Enersyds is die diakens ingeperk in die eng terrein van armversorging, terwyl die werklik nooddruftige net sporadies in ons samelewing voorkom. Die swaartepunt van die diakonale werk is gevolglik geleidelik besig om te verskuif na die skepping van tehuise vir onversorgde kinders en bejaardes. Die nooddruf van die versorgde is nie altyd die deurslaggewende faktor nie. Andersyds word die diakens in die plaaslike kerke meestal gebruik vir die insameling van die gereelde bydraes tot die kerklike kas. Hierdie praktyk veroorsaak meermale spanninge tussen ouderlinge en diakens omdat die diakens hulle opdrag, volgens die Formulier vir bevestiging van Diakens, as armversorging verstaan. Samehangend hiermee is die feit dat 'n belangrike deel van die kerklike administrasie in die praktyk nie aan 'n bepaalde amp verbind word nie, nl. die besteding van en beheer oor kerklike goedere, versorging van predikante, sustentasie aan ander kerke, ens. Die skynbare oplossing wat vir hierdie probleem aangebied is, is die skepping van 'n vergadering van ouderlinge en diakens, die sg. Breë Kerkraad. In die geldende Kerkorde van die Gereformeerde Kerk word nie voorsiening daarvoor gemaak nie.

Uit die gegewens wat ons in die N.T. vind kan die diens van die diakens nie meer met absolute sekerheid vasgestel word nie. Tog meen ek dat, vir die huidige kerklike behoefte, dit geregverdig is om, teen die agtergrond van die Skrif en die geskiedenis, die breë onderskeiding van „diens van en met die woord" en „diens van die daad" te maak. Eersgenoemde verteenwoordig die opdrag van die ouderlinge, terwyl laasgenoemde die diensterrein van die diakens kan wees. Die diakens moet dan veral met stoflike middele die gemeente lei om as gemeenskap (koinonia) te lewe. Dit hou in dat die praktiese bestuur en beheer van kerklike goedere, die daarstelling van fasiliteite om die gemeenskap op te bou, die versorging van herders, die onderlinge hulpbetoon in plaaslike en meerdere verband ens. tot die ampswerk van die diakens behoort. In kort, die diakens kan die „helpers" (antilepseis) wees wat arbei in die praktiese sorg vir die gemeente. Die taak vereis

'n eiesoortige bestuur en selfstandigheid, onderskeie van die van die ouderlinge, maar terselfdertyd onder die toesig van die ouderlinge (Art. 25 K.O.).

A. J. DU PLESSIS.

VERWYSINGS:

1. H. W. Beyer: "Theological Dictionary of the New Testament" II (verder weergegee met T.D.N.T.), p. 89.
2. Beyer, a.w., p. 89.
3. Beyer, a.w., pp. 89, 90.
4. Dr. Herman Ridderbos: "Commentaar op het Nieuwe Testament — De Pastorale Brieven", p. 97.
5. A.w., p. 90.
6. A.w., p. 94.
7. A.w., p. 90.
8. A.w., p. 90.
9. Beyer, a.w., p. 87: "A decisive point for understanding the concept (of diakonia — A. J. du P.) is that early christianity learned to regard and describe as diakonia all significant activity for the edification of the community".
10. Kyk Dr. J. C. Coetzee: Artikel in „In die Skriflig", Aug.-Sept. 1967, p. 51.
11. Herman Ridderbos: „Het Woord, het Rijk en onze Verlegenheid", p. 180.
12. T.D.N.T. III, p. 797.
13. Fr. Hauck: T.D.N.T. III, p. 807 verklaar II Kor. 13:13 met: "participation in the Spirit (Gen. Obj.)".
14. H. Berkhof: "De Leer van de Heilige Geest", p. 62.
15. A.w., p. 63. Vgl. ook Hauck, a.w., p. 807: „Fellowship with Christ necessarily leads to fellowship with the christians, to the mutual fellowship of members of the community".

15b. Behm: T.D.N.T. III, pp. 729, 730. Hy betrek die „breking van die brood" op die gemeenskaplike maaltye en sê daarvan: " . . . one of the forms in which the early christian sense of fellowship finds expression".

16. A.w., p. 85.
17. F. F. Bruce: "The New Londen Commentary on the N.T. — The Book of the Acts", p. 128.
18. F. J. Pop: "Bijbelse Woorden en hun Geheim", p. 234: "Zo ontstaat een gemeenschap van goederen, niet in woorden maar in daden. Want een gemeenschap is eers echt als zij gedaan wordt". Vgl. ook Hauck, a.w., p. 808: "The abstract koinonia becomes for Paul the concrete collection".
19. Herman Ridderbos: "Commentaar op het N.T. — Romeinen", p. 336.
20. In 'n voetnoot verwys Ridderbos daarna dat sommige „koinooneitoo" vertaal met: "to exercise fellowship". Hyself vertaal: "share with"; H. Ridderbos: "The Epistle of Paul to the Churches of Galatia", p. 217. Sonder om streng tussen die twee moontlike vertalings te kies kan die konkrete gawe gesien word as 'n toepassing van die gemeenskap.
21. Beyer, a.w., p. 81.
22. Ridderbos: „Paulus", pp. 492, 493.
23. A.w., p. 494.
24. Ridderbos: „Paulus", p. 497.
25. A.w., p. 90.
26. A.w., p. 92
27. A.w., pp. 513, 514.
28. "Het Woord, het Rijk, en onze Verlegenheid", p. 181.
29. A.w., p. 87.
30. Beyer: T.D.N.T. III, p. 1035.
31. T.D.N.T. II, p. 84.
32. In I Petr. 4:10 word „oikonomos" ook wel van alle charismata gebruik.
33. T.D.N.T. II, p. 86.